Kierieklapper Bonsai Kai

Gestig Junie 2008

Julie 2010

Junie 2010:

Saagsels en hout skerwe het gespat! Mack, Tricia en Ria het die groot gereedskap uitgehaal en kerfwerk gedoen. John het ook gehelp.

Mack het ‘n boom se dooie hout verfyn.

Ria het die skilpaddopstyl van verlede maand gekerf en die dooie stam omskep in dryfhout.

Algemene jaar vergadering 2010:

Baie belangrik dat almal bywoon en insette lewer.

Nuwe komitee lede moet verkies word. Die klub benodig ook ‘n nuwe tesourier en sekretaris.

BRAT Nuus:

Julie gaan ons Waterberg Bonsaiklub toe te Euphoria Gholflandgoed, Mookgophong (Naboomspruit**)** Sien die e-pos met alle info en padkaart. Bonsai kan in die verskeie kategorieë ingeskryf word of op die skou tafel geplaas word indien kompetisie nie vir jou is nie.

Die dagprogram lyk uitstekend met ‘swaargewigte’ as demonstreerders!!!

Besoekers Welkom

Ekstras tydens die AJV!!!

John demonstreer die halfhang styl. Kierieklappers word gewys en geëvalueer. Opvolg fotos vir ons ‘navorsingsprojek’ word geneem. Almal moet asb hul kierieklappers saambring, ongeag of die ryp dit bygekom het.